

Skriflesing: Luk 23:26-38

Teksvers: Luk 23:34

Tema: Jesus het almal wat Hom kruisig en wat saam met Hom gekruisig word, lief.

Die kruis van Jesus was 'n uitsonderlike sterwe. So 'n sterfbed was daar net eenmaal. So is daar net eenmaal gepleit. So 'n "vreemde liefde" vir ons was daar net eenmaal.

Tussen twee moordenaars hang Hy aan die kruis. Die laaste hamerslae het weerklink. Aan bloeiende wonde hang die Here, 'n doringkroon op sy kop.

Geweldig was die storm van haat wat Hy ervaar het. Geweldig die intensiteit van lyding wat Hy moes deurmaak. Hy hang aan die kruis, stukkend, dors en alleen in ons plek. Maar as Hy sy mond oopmaak is die nie om te kla nie. Hy beskuldig nie dié wat Hom onskuldig veroordeel het nie. Hy dreig nie die wat hulle hande aan Hom geslaan het nie. Hy vloek nie. Hy sweer nie wraak nie. Hier klink geen magswoord om Sy vyande te verdelg nie.

Wat ons hoor is woorde van vrede in die storm van Sy lyding. Ons sien 'n hart van liefde ten midde van die haat. Ons ervaar vergifnis van hulle wat roep vir vergelding, vir hulle wat nie eens weet dat hulle vergifnis nodig het nie. 'n Gebed van Goddelike liefde vir vyande weerklink: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"

As die Almagtige God Sy eie Seun so sien hang, sal Hy nie in donderende wraak die skuldiges straf vir die misdaad nie? As God hulle vir hierdie oortreding wil straf, sal niemand voor Hom bly bestaan nie! Hy sal alle mense van die aarde af wegvee!

Juis daarom klink daar uit die liefdevolle hart van Jesus aan sy kruis 'n gebed op, 'n intrede vir sy vyande. Hy pleit vir vergifnis van hulle sonde. Dit is wie Hy is. Dit is wat Hy kom doen het. Hy het hulle wat Hom aan die kruis slaan in sy sterwensuur steeds lief. Hy huil oor hulle sonde en skuld. So sien ons Jesus aan die kruis. Met wydgestrekte arms soos een wat biddend die seën uitspreek: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"

Hy bid vir moordenaars langs Hom wat laster. Hy vergewe die een se sonde en verseker hom dat hy dieselfde dag saam met Jesus in die hemel sal wees. Hy bid vir vyande wat verantwoordelik is vir sy kruisiging. Hy bid vir soldate wat Hom gesel en aan die kruis vasslaan.

Hy bid vir die Jode, vir die Fariseërs, Skrifgeleerdes en owerstes. Hy bid vir die Joodse raad wat Hom onregverdig beskuldig en sy dood geëis het. Hy bid vir Pilatus wat Hom oorgelewer het alhoewel hy geen skuld in Hom gevind het nie. Hy bid vir raadslede en soldate wat Hom uitlag, spot en op hom spoeg.

Hy bid vir 'n skreeuende menigte wat uitroep: "Kruisig Hom!" Hy bid vir hulle wat gelag het oor sy smart. Na almal wat Hom verwerp het, gaan sy hart uit.

Hy bid ook vir my en jou, vir ons wat Hom nie haat, verraai of spot nie. Ons wat Hom nie doelbewus verwerp nie, maar ten spyte van die kruis redeneer dat sonde nie so erg is nie. Ons wat so nou en dan wegkom met 'n "bietjie oneerlikheid" in ons besigheidstransaksies of op ons belastingvorms, want "almal doen dit." Hy bid vir ons met ons huwelikonttrou, drankmisbruik, taalmisbruik of selfsug. Ons wat nie ons naaste liefhet soos onself nie. Ons wat nie regtig bekommerd is oor hulle wat nie die Here as Verlosser ken en dien nie. Hy bid vir ons wat stilbly wanneer ons moet praat en so spykers help inslaan in Sy hande en voete: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."

Hierdie pleit laat ons iets van die grootheid van Sy Goddelike liefde vir ons verstaan. Iemand wat verontreg word, sien gewoonlik net sy kant van Sy saak. So 'n persoon stel Sy teenstanders in die swakste moontlike lig en kan soms hulle soms selfs vervloek.

Maar hier, terwyl Jesus se liggaam gebreek is aan die kruis, sy bloed vloei uit wonde wat deur haat en sonde geslaan is, hier ten midde van sy helse pyn en lyding, soek Jesus nog vergifnis vir Sy vyande.

Joodse leiers en die volk het nie geglo dat Jesus die Seun van God is nie. Hulle het 'n aardse verlosser verwag wat hulle van Romeinse oorheersing sou bevry. Hulle het gedink dat Hy 'n bedrieër was, daarom het hulle vas geglo dat hulle God dien deur Jesus te laat kruisig. Die soldate het nie geweet Hy is die Verlosser van die wêreld nie. Hulle het net hul werk gedoen.

In 'n seker sin is ons sonde erger as dié van hulle wat rondom die kruis staan. Ons weet Hy is die Seun van God. Ons weet Hy het in ons plek gesterf en opgestaan. Ons weer Hy wil laat ons laat deel in sy oorwinning. Tog roep ons nog baie dae as ons Christen is op ons eie voorwaardes en as ons tevrede is om net 'n bietjie soos Christus te wees: "Kruisig Hom!" Deur ons sondige lewens roep ons: "Kruisig Hom!"

Daarom as jy brood eet en wyn drink, weet weer dat Hy jou geweldig liefhet. Hy verwerp of veroordeel jou nie. Hoor hoe Jesus vir ons pleit: "Vergeef hulle, Vader. Al val hulle nog so dikwels in sonde, smee Ek Vader, dat U nie daaraan dink dat hulle My doodgemaak en steeds deur sonde doodmaak nie. Dink daaraan dat ek vir hulle gesterf het. Reken hulle daad nie toe nie. Vergewe hulle. Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"

En die Vader verhoor sy gebed. Hy vergewe ons. 'n Moordenaar vind redding en vergifnis as hy sterwende pleit "Here, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom."

Op Pinksterdag red die Here deur die kragtige werking van die Heilige Gees duisende van dieselfde mense wat Jesus aan die kruis laat spyker het. Die pleitgebed van Jesus is verhoor.

Dit is die boodskap van die kruis en van nagmaal. God verstoot en verdag nie. Hy vergewe en red. Ons lees in Joh 3:17: "God het nie Sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word."

Afsluiting

Aan die kruis weerklink die oneindige liefde van die Here Jesus Christus vir mense soos ons.

Al die magte van haat en geweld wat teen hom losgebars het, loop hulle te pletter teen Goddelike liefde.

'n "Vreemde liefde", 'n liefde wat red en vergewe.

Sy brekende oë is vol liefde vir mense soos ek en jy.

Elke druppel bloed vloei met goddelik volmaakte vergifnis vir mense soos ek en jy.

Tot Sy laaste polsslag klop vol genade vir mense soos ek en jy.

Amen